

<b>1</b>	GEBED
----------	-------

*Bid* vir die leiding van God se Gees, vir bewuswording van sy teenwoordigheid en vir die luister na sy stem. Wy hierdie les oor dissipelmaking aan die Here toe.

<b>2</b>	DEEL (20 minute) <span style="float: right;">[STILTETYE] GALASIËRS 5 – 6, EFESIËRS 1</span>
----------	---

**Maak beurte en vertel/deel (of lees )kortliks** wat jy in een van jou stiltetye uit die voorgeskrewe Bybelgedeeltes geleer het (Galasiërs 5 – 6 en Efesiërs 1). Luister na die persoon wat deel, neem hom ernstig op en aanvaar hom. Moenie verder ingaan op wat hy deel nie.

<b>3</b>	MEMORISERING (5 minute) <span style="float: right;">[VOORBEREIDING VIR DIE CHRISTELIKE HUWELIK] 1 TESSALONISENSE 4:3-5</span>
----------	---

**Repeteer/Herhaal** twee-twee.

(3) Selfbeheersing. 1 Tessalonisense 4:3-5. “Dit is die wil van God dat julle heilig moet lewe. Weerhou julle van onsedelikheid. Elkeen van julle moet weet dat hy met sy vrou heilig en eerbaar moet saamlewe (of” moet weet hoe om sy ‘vat’/lewensmaat te wen); julle moet nie deur hartstog en begeerte gedrywe word soos die heidene wat vir God nie ken nie.”

<b>4</b>	ONDERRIG (85 minute) <span style="float: right;">[KERKLIKE FEESDAG] DIE NAGMAAL</span>
----------	--

**Inleiding.** Dit is ‘n studie oor wat die Bybel leer oor die instelling, betekenis en praktyk van die Nagmaal. Lees Matteus 26:26-29; 1 Korintiërs 11:23-32.

#### A. DIE INSTELLING VAN DIE NAGMAAL

##### 1. Bybelse name vir die Nagmaal.

Die doop met water en die Nagmaal word die twee christelike sakramente genoem. ’n *Sakrament* is ’n godsdienstige seremonie wat beskou word as ’n uiterlike en sigbare teken van ’n innerlike en geestelike genade.

In 1 Korintiërs 11:20 word hierdie sakrament *die Nagmaal van die Here* genoem om dit te onderskei van die liefdesmaal (die agapé) wat die Korintiërs met die Nagmaal verbind het. Tog het die Nagmaal by die Korintiërs ontaard in ’n gewone maaltyd waar mense nie meer voedsel met mekaar gedeel het nie.

In 1 Korintiërs 10:21 word die sakrament *die tafel van die Here* genoem. So word dit onderskei van die tafel van die bose geeste/demone. Die heidene in Korinte was gewoond om offerandes na hulle gode in hulle tempels te bring en daarna saam ’n offermaaltyd te eet. So ’n offermaaltyd noem Paulus die tafel van die bose geeste/demone omdat die offerandes aan die afgode eintlik offers aan die demone is. Die offermaaltyd wat daarmee saamgaan, is dan eintlik ’n gemeenskap met die bose geeste/demone.

In Handeling 2:42 en 20:7 word die sakrament die *gemeenskaplike maaltyd (die breking van brood)*(Multivertaling) genoem, ’n ander naam vir die liefdesmaal wat saam met die Nagmaal gevier word.

In 1 Korintiërs 10:16 word die sakrament ’n *danksegging* (Grieks: eucharistia) genoem.

##### 2. Christus het die Nagmaal ingestel.

Jesus Christus het Self die Nagmaal ingestel tydens die laaste Pasga. Vergelyk handleiding 6, supplement 5. Ons lees hieroor in die eerste drie Evangelies, bv. in Matteus 26:26-29 en in 1 Korintiërs 11:23-29. Tydens die laaste Pasga<sup>1</sup> op donderdagaand die 15<sup>de</sup> Nisan, die aand voor Jesus Christus gekruisig is, het Jesus brood geneem, God daarvoor gedank, dit gebreek en aan sy dissipels gegee met die woorde: “Dit is My liggaam, dit is vir julle.” Daarna het Hy die beker geneem en aan sy dissipels gegee met die woorde: “Drink almal daaruit, want dit is my bloed, die bloed waardeur

<sup>1</sup> Die Pasga, die dag van die 15<sup>de</sup> Nisan, het al op donderdag aand om 1800 uur begin en het op vrydag aand 1800 uur geëindig.

die verbond beseël word en wat vir baie vergiet word tot vergewing van sondes.” Tydens die Pasga op Vrydagoggend (15<sup>de</sup> Nisan) is Jesus gekruisig.

### 3. Uitleg van Johannes 6:54-55.

Jesus sê: “Wie My liggaam eet en My bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom op die laaste dag uit die dood laat opstaan. My liggaam is die ware voedsel en My bloed is die ware drank.” Johannes 6:48-59 praat GLAD NIE oor die nagmaal NIE, maar praat in figuurlike taal oor glo in Jesus Christus vir die eerste keer! Die tydsaanduiding van die werkwoorde “eet” (Grieks: esthió, efagon) en “drink” (Grieks pinó) in vers 50 tot 53 staan in die aoristus tyd en verwys na die eenmalige ontvangs (aanneming) van Jesus Christus in hart en lewe deur geloof. Die tye van die werkwoorde “eet” (Grieks: trógó) en “drink” (Grieks: pinó) in vers 54 tot 56 staan in die onvoltooide teenwoordige tyd en verwys na die aanhoudende verhouding van geloof in Christus en bly in Christus (Johannes 6:40). Jesus Self lê duidelik uit wat Hy in vers 40, 47 en 54 bedoel, “Elkeen wat glo in Jesus Christus, het die ewige lewe, en Ek (Christus) sal hom op die laaste dag laat opstaan uit die dood”. Jesus praat NIE oor “brood en wyn en die Nagmaal” NIE, maar oor “die liggaam en bloed van Christus en die aanneming van Christus”. Hy leer NIE dat die brood en die wyn (in die Nagmaal) op magiese wyse verander word in die liggaam en bloed van Jesus Christus NIE.<sup>2</sup> Hy leer dat die liggaam van Jesus Christus eet en sy bloed drink woorde is wat die aanneming van Jesus Christus in die hart en lewe en die geloof in Jesus Christus simboliseer! In hierdie konteks (Johannes 6:41-42) praat Jesus Christus NIE oor die Nagmaal NIE, maar oor geloof in Hom!

Die fisiese liggaam van Jesus Christus is nie op een of ander mistieke wyse teenwoordig in die Nagmaal of op enige plek op hierdie aarde nie. Jesus Christus in sy verheerlikte liggaam het opgevaar na die hemel en sit nou aan die regterhand van God die Vader (Handelinge 1:9-11)! Dus kan niemand op die aarde iets doen met die fisiese liggaam van Jesus Christus in die hemel nie.

### 4. Hoe die Nagmaal gevier word.

Die apostel Paulus leer vyf belangrike dinge oor hoe die Nagmaal gevier moet word.

(1) Die Nagmaal is ‘n bevel.

Die Nagmaal is ‘n bevel wat Paulus van die Here Jesus ontvang het en aan alle Christene moes deergee. Alle Christene moet die Nagmaal vier.

(2) Die Nagmaal is ‘n seën en ‘n danksegging (1 Korintiërs 10:16 en voetnoot in Griekse teks).

Terwyl Matteus sê dat Jesus ‘n *seën* (Grieks: eulogia) oor die brood uitgespreek het, sê Paulus dat Jesus ‘n *danksegging* (Grieks: eucharistia) oor die brood uitspreek. ‘Seën’ is om God se magtige genade van bo na onder af te roep en ‘dank’ is om ‘n dankbare erkenning van God se genade van onder na bo op te stuur. Die twee woorde is waarskynlik afwisselend gebruik en verwys na ‘n gekombineerde seën en danksegging.

(3) Die Nagmaal is ‘n gedagtenis (1 Korintiërs 11:24-25).

Die Here Jesus het Christene geleer om die Nagmaal te vier as ‘n gedagtenis aan Hom.

(4) Die Nagmaal is ‘n verkondiging (1 Korintiërs 11:26).

Wanneer Christene die Nagmaal vier, verkondig hulle die dood van die Here tot met sy wederkoms.

(5) Die Nagmaal is ‘n plegtige fees (1 Korintiërs 11:27-29).

Die Nagmaal moet op ‘n plegtige wyse gevier word. Daarom behoort elke Christen *homself eers te ondersoek* voordat hy aan die Nagmaal deelneem. ‘n Christen behoort die liggaam van die Here te kan *onderskei*, d.w.s. hy behoort te begryp wat hy tydens die Nagmaal doen. As hy die Nagmaal op ‘n onwaardige wyse eet en drink, eet en drink hy ‘n oordeel oor homself.

## B. DIE BETEKENIS VAN DIE NAGMAAL

**Inleiding.** Die Nagmaal van die Here is ‘n teken en seël wat Jesus Christus aan Christene gegee het. Die deelname aan die Nagmaal is ‘n ware gemeenskap met die liggaam van Christus (1 Korintiërs 10:16).

**Lees** Matteus 26:26-30; 1 Korintiërs 11:23-26.

### 1. Die Nagmaal is ‘n teken.

Die Ou-Testamentiese besnydenis was ‘n *teken en ‘n seël* (Romeine 4:11) van die besnydenis van die hart (Romeine 2:28-29). Die Nuwe-Testamentiese doop met water is ‘n teken en seël van die doop met die Gees (Handelinge 10:47-48). So is ook die Nagmaal ‘n teken en seël van die dood van Christus en van die weldade van sy dood vir gelowiges (naamlik: die versoening van alle sondes en die verlossing van die toorn van God teen die sonde) (Matteus 26:28).

(1) ‘n Teken is ‘n uiterlike sigbare simbool met ‘n geestelike betekenis.

Die kenmerk van ‘n sakrament is dat dit één of meer geestelike waarhede verteenwoordig d.m.v. uiterlike en waarneembare tekens.

<sup>2</sup> Die Room Katolieke transsubstansiasieleer waarin die brood en die bloed op wonderbaarlike wyse verander word in die liggaam en bloed van Jesus Christus is NIE Bybels NIE!

(2) Die simbole van die Nagmaal.

Die uiterlike sigbare simbole van die Nagmaal is die elemente brood en wyn, die breek van die brood en die uitgiet van die wyn, die eet van die brood en die drink van die wyn, en dit alles word in gemeenskap (saam) met ander Christene gedoen.

Die geestelike waarhede wat in hierdie uiterlike tekens gesimboliseer word is die volgende:

- Dit *brood* en die *wyn* simboliseer die liggaam en die bloed van Jesus Christus.
- Die *breek* van die brood simboliseer die liggaam van Jesus wat aan die kruis gebreek is en die wyn simboliseer die bloed van Jesus wat uitgiet is toe Hy gekruisig is. Hulle simboliseer die dood van Jesus Christus as 'n versoening vir al ons sondes en as 'n verlossing van die straf vir die sondes.
- Die woorde van Jesus by die instelling van die Nagmaal leer dat sy dood *plaasvervangend* was. Soos Jesus gesê het: "Dit is My liggaam, wat *vir julle* gebreek is" (1 Korintiërs 11:24) en "Dit is My bloed, die bloed van die nuwe verbond wat *vir baie* vergiet word tot vergewing van sondes" (Matteus 26:28), dan leer Hy dat sy dood 'n *offer in die plek van sy mense* was.
- Die *eet* van die brood en die *drink* van die wyn simboliseer dat Christene werklik deelneem aan Jesus Christus en dat hulle op simboliese wyse die weldade wat Christus deur sy dood verwerf het, aanneem en tot hul eie maak. Soos die eet van gewone brood en die drink van gewone wyn die fisiese liggaam voed, so onderhou en vernuwe die deelname aan die Nagmaal die geestelike lewe.
- Die *saam vier* van die Nagmaal simboliseer die eenheid van Christene met mekaar.
- 1 Korintiërs 10:17 leer dat deelname aan *die een brood* simboliseer dat Christene lede is van die één Liggaam van Christus, sy wêreldwye christelike Kerk/Gemeente.

## 2. Die Nagmaal is 'n seël.

(1) 'n Seël is 'n uiterlike sigbare simbool

wat die egtheid en sekerheid van 'n geestelike waarheid waarborg.

Die sakrament van die Nagmaal is nie maar net 'n teken van die dood van Christus nie, maar is ook 'n seël wat die weldade van sy dood waarborg.

(2) Die versekerings (waarborge) van die Nagmaal.

Die Nagmaal verseker die Christen dat hy die persoonlike voorwerp van Christus se liefde is.

Die Nagmaal belooft plegtig aan die Christen dat hy persoonlik aanspraak mag maak op al die weldade van die dood van Christus, soos die vergewing van al sy sondes, die verlossing van die straf vir sy sondes en 'n goeie en skoon gewete.

Die Nagmaal verseker die Christen dat hy werklik al die seëninge van verlossing tot in ewigheid besit (vergelyk Efesiërs 1:3-5).

Die christelike doop met water is die onderskeidende kenmerk van 'n Christen.  
So is die Nagmaal die onderskeidende viering van Christene.

Elke keer wanneer Christene die brood eet en die wyn drink bely hulle hul geloof in Jesus Christus as hulle Verlosser en ook hulle getrouheid aan Jesus Christus as hulle Koning. So belooft hulle plegtig om Jesus Christus en sy Woord te gehoorsaam. Telkens wanneer Christene die Nagmaal vier, *verkondig* hulle die evangelie dat Jesus Christus vir sondes gesterf het en dat elkeen wat in Hom glo, nie verlore gaan nie, maar die ewige lewe (insluitend vergewing) hê.

## 3. Die Nagmaal is 'n middel wat genade skenk.

(1) Die begin van God se genadewerk.

God begin nie sy genadewerk in die harte van sondaars deur die Nagmaal nie. God begin sy genadewerk in die harte van sondaars deur hulle *al vóór die skepping* op 'n soewereine wyse uit te kies (Efesiërs 1:4), en *dan in die tyd* te roep deur middel van die verkondiging van die evangelie, deur die wedergeboorte en heiliging deur die Heilige Gees en deur hulle te regverdig deur geloof in die waarheid (Johannes 3:3-8; 2 Tessalonisense 2:13-14).

(2) Die voortsetting van God se genadewerk.

God sit sy genadewerk in die harte van Christene voort deur middel van die verkondiging van sy Woord, die doop met water en die viering van die Nagmaal.

Die beker verwys na "die bloed van Christus, die bloed van die nuwe verbond, wat vir baie vergiet word tot vergewing van sondes" (Matteus 26:27-28; Efesiërs 1:7). "Sonder die vergieting van bloed, vind daar geen vergewing plaas nie" (Levitikus 17:11; Hebreërs 9:22). Sonder die vergieting van bloed is daar ook geen verbond ('n goddelike ooreenkoms) nie, d.w.s. geen besondere vriendskapsverhouding tussen God en sy mense nie. Versoening met God verg altyd die vergieting van bloed, 'n soenoffer. En angesien geen mens só 'n soenoffer uit homself kan bring nie, vereis God dat mense die soenoffer wat God eis en in Christus skenk ook in geloof moet aanneem. Daarom is deelneem aan die nagmaal belangrik!

Deur die dood van Christus in die plek van gelowiges kom die nuwe verbond tot stand. Die genadeverbond loop uit op die vergewing van sondes (die regverdiging/regverdigmaking) en in die loskoop (verlossing) van die toorn van God (Romeine 5:9). Die Nagmaal is God se teken en seël dat God se genadeverbond 'n werklikheid is. Die Nagmaal versterk

die sekerheid van verlossing van die individuele Christen en die sekerheid van die uiteindelijke verlossing van die hele christelike Kerk/Gemeente.

Maar hierdie versterking van die genade gebeur nie outomaties nie. Die Nagmaal is nie 'n magiese ritueel nie. Daarom moet 'n Christen die Nagmaal begryp/verstaan en ook die juiste ingesteldheid t.o.v. die Nagmaal hê.

#### 4. Die Nagmaal is 'n werklike gemeenskap (kommunie, deelname).

*Lees* Johannes 16:7,12-15; Efeziërs 1:13-14; 2 Korintiërs 1:21-22; 5:5.

**Ontdek en bespreek.** Op watter manier is Christus aanwesig in die Nagmaal?

(1) Die bloed is 'n simbool dat ons die lewe van Jesus Christus moet deel.

Gedurende die Ou-Testamentiese openbaring was 'bloed' die simbool vir 'lewe wat uitgegiet word', maar wat nie gedeel (geëet) mag word nie. In Levitikus 17:10-11 sê God vir Moses: "Elke Israeliet ... wat enige bloed eet, sal ek self straf (MV-verwerp). Ek sal hom van sy volksgenote afsny. Omdat die lewe van 'n dier in sy bloed is, het Ek die bloed vir julle gegee om op die altaar versoening te doen vir julle lewens."

Maar in die Nuwe-Testamentiese openbaring is 'bloed' nie net letterlik gestort (uitgegiet) nie aan die kruis, maar ook simbolies gedeel (gedrink) in die Nagmaal! Bloed is werklik gestort aan die kruis en word simbolies gedeel (gedrink) by die Nagmaal. In Johannes 6:56 sê Jesus: "Wie My liggaam eet en My bloed drink, bly in My en Ek in hom" (vergelyk Johannes 15:5). En tydens die laaste Paasfees in Matteus 26:27-28 het Hy gesê: "Drink almal daaruit, want dit is My bloed, (letterlik:) die bloed van die nuwe verbond (ANV: waardeur die verbond beseël word), wat vir baie vergiet word tot vergewing van sondes." Deur dit te doen, naamlik, deur sy (simboliese) liggaam te eet en sy (simboliese) bloed te drink, kom die lewe van Jesus Christus in die gelowige in! Jesus het sy dissipels beveel om nie net die bloed (gesimboliseer deur die wyn) van die offer uit te giet nie, maar dit ook te drink. Jesus het bedoel dat die Nagmaal nie maar net 'n gedagtenismaal aan sy dood sou bly nie, maar 'n verwerkliking van sy lewe wat teenwoordig is. Gelowiges kan nie lewe sonder die voeding wat sy lewe gee nie. Die *bloed* wat Jesus aan die kruis vergiet het (d.i. die *lewe* wat Jesus in sy dood aflê) doen veel meer as net maar sondes versoen en wegneem. Wanneer 'n persoon Jesus Christus vir die eerste keer in sy lewe (hart) ontvang (aanneem), dan begin 'n nuwe verhouding met Jesus Christus wat nooit meer eindig nie! In hierdie verhouding deel die gelowige in die lewe van Jesus Christus: in sy opstandingslewe en goddelike lewe (vergelyk 2 Petrus 1:3-4).

"Die beker van danksegging, waarvoor ons God dank, is dit nie die *gemeenskap* (Grieks: koinónia) met die bloed van Christus nie? Die brood wat ons breek, is dit nie die *gemeenskap* met die liggaam van Christus nie (1 Korintiërs 10:16)? Die (simboliese) bloed, en dus die (werklike) lewe, van Jesus wat tydens die Nagmaal gedrink word, voed die gelowige geestelik (asook verstandelik, emosioneel, ens.). "My liggaam is die ware voedsel, en My bloed is die ware drank (Johannes 6:55).

Jesus verklaar dit Self: Die ewige lewe (die nuwe, wedergebore lewe) nou en die volmaakte lewe by die opstanding uit die dood later word werklik verkry deur in Jesus Christus te glo (Johannes 3:16; Johannes 5:24; Johannes 10:28).

"Wie in My glo, het die ewige lewe en Ek sal hom uit die dood laat opstaan in die laaste dag" (Johannes 6:40)! Daardie lewe word werklik versterk deur simbolies die liggaam van Jesus Christus te eet en die bloed van Christus te drink: "Wie My liggaam eet en My bloed drink, het die ewige lewe, en Ek sal hom op die laaste dag uit die dood laat opstaan" (Johannes 6:54)!

Die simbole wat in die Nagmaal geëet en gedrink word, is nie net 'n gemeenskap (Grieks: koinónia, kommunie, deelname) aan die brood en die wyn nie, maar 'n ware gemeenskap (Grieks: koinónia, kommunie, deelname) aan Jesus Christus wat werklik bestaan en aanwesig is! Tydens die Nagmaal gaan Hy steeds voort om sy lewe aan die gelowige te gee! Vanaf die oomblik dat die persoon Jesus Christus vir die eerste keer aangeneem het, deel die gelowige in die geestelike en ewige lewe van Christus Self. Tydens die Nagmaal gaan Jesus Christus voort met die uitdeel van sy geregtigheid, sy heiligheid, sy wysheid en sy volmaakte verlossing aan die gelowige (1 Korintiërs 1:30)!

(2) Die fisiese liggaam van Jesus Christus is in die hemel.

Jesus Christus is na sy menslike (en nou verheerlikte) fisiese liggaam in die hemel (Johannes 16:7; Handeling 1:9-11).

(3) Die geestelike deugde en uitwerking van die verlossingswerk wat Hy volbring het in sy menslike natuur is teenwoordig op die aarde.

Nietemin is Jesus Christus na sy goddelike natuur in en deur sy Gees (die Heilige Gees) teenwoordig op aarde: "Ek is by julle al die dae tot die voleinding van die wêreld" (Matteus 28:20; Johannes 14:16-18). Die Heilige Gees lei die Christen in die hele waarheid en Hy verheerlik Jesus Christus in die Kerk/Gemeente (Johannes 16:13-15) – ook wanneer die gemeente die Nagmaal vier! Die Heilige Gees waarborg die erfenis van die Christen (Efeziërs 1:13-14). Die Heilige Gees is God se seël dat Christene sy eiendom is. En die Heilige Gees is die waarborg van Jesus Christus dat Hy besig is om te voltooi wat Hy in die lewe van Christene begin het (2 Korintiërs 1:21-22; 5:5; Filippense 1:6).

Waar die Nagmaal ook al gevier word, daar is Jesus Christus werklik teenwoordig en gaan Hy voort om geestelik in die lewens van Christene te werk. Die Nagmaal is ingestel om Christene sekerheid te gee dat Christus besig is om die goeie werk wat Hy in Christene begin het, te voltooi (Filippense 1:6). Deur die Heilige Gees maak Hy al die weldade (deugde, uitwerkings, resultate) van sy volbragte verlossingswerk deur sy liggaam en sy bloed 'n teenwoordige werklikheid en

seën in die Nagmaal en versterk en bemoedig Hy die Christene daarmee. Die Nagmaal is nie maar net 'n teken en seël van iets wat *in die verlede* plaasgevind het nie, maar 'n teken en seël wat die werklikheid en egtheid van sy liefde en genade in die teenwoordige tyd waarborg! Die Nagmaal is 'n teken en seël dat die volbragte verlossingswerk van Christus in die verlede, nou in die teenwoordige tyd vir die Christen tot voordeel is! Die Christen mag steeds daarop aanspraak maak, dit steeds ontvang en steeds daarmee leef. Die Nagmaal is die versekering dat al sy sondes versoen is en dus vergewe is. Dit waarborg dat die Christen geregverdig en verlos is en bly! Hierdie feit vier die Christen met blydskap (vreugde) in die Nagmaal!

Die Nagmaal is nie 'n herinnering aan die dood van Jesus in die verlede nie, maar 'n gemeenskap (Grieks: koinónia, kommunie, deelname) met die opgestane Christus in die hemel in die hede. Tydens die Nagmaal versterk Jesus Christus die swakke en genees Hy die sieke deur middel van sy Heilige Gees (1 Korintiërs 11:30), vernuut, versterk en onderhou Hy die *geestelike, fisiese, emosionele en intellektuele* lewe van die Christen op hierdie aarde!

### C. DIE PRAKTYK VAN DIE NAGMAAL

#### 1. Die mense wat aan die Nagmaal mag deelneem.

**Lees** 1 Korintiërs 11:27-29.

**Ontdek en bespreek.** Wie mag aan die Nagmaal deelneem?

- (1) Alleen Christene wat (letterlik) die liggaam van Jesus Christus onderskei (Grieks: diakrinó), mag deelneem aan die Nagmaal (1 Korintiërs 11:29).

ANV vertaal: "Hulle wat beseft dat dit die liggaam van die Here is". Uit hierdie woorde is dit duidelik dat te jong kinders van Christene nie aan die Nagmaal mag deelneem nie, omdat hulle nog nie in staat is om ten volle te weet en te begryp wat daar tydens die Nagmaal gebeur nie. Wie hulle op 'n onwaardige wyse gedra en geen onderskeiding maak tussen 'n gewone maaltyd en die Nagmaal nie, mag nie aan die Nagmaal deelneem nie.

- (2) Alleen Christene wat hulleself op die proef stel (Grieks: dokimazó) mag deelneem aan die Nagmaal (1 Korintiërs 11:28).

Nét Christene wat hulleself *beproof/ondersoek* het, mag deelneem aan die Nagmaal. Uit hierdie woorde is dit duidelik dat mense wat hulle nie bekeer het of geen berou het oor hulle sondes nie, níé aan die Nagmaal mag deelneem nie. Maar mense wat bely dat hulle sonder Jesus Christus verlore is, glo in die verlossingswerk wat Christus volbring het, wat hulleself ondersoek (beproof, toets) en hulle dan ernstig van hulle sondes bekeer, mag aan die Nagmaal deelneem. Christene wat glo dat die bloed van Jesus Christus hulle van al hulle sondes gereinig het en verlang om in geloof en heiligheid te groei, mag aan die Nagmaal deelneem.

#### 2. Die praktiese viering van die Nagmaal.

- (1) Hoe dikwels behoort gemeentes die Nagmaal te vier?

Jesus en die apostels gee hierop geen spesifieke antwoord nie. Daarom vier sommige gemeentes die Nagmaal elke week, maar die meeste gemeentes vier dit eenmaal per maand of eenmaal per kwartaal.

- (2) Watter soort brood en wyn moet gebruik word vir die nagmaalviering?

Jesus en die apostels gee hierop ook geen spesifieke antwoord nie. Hulle sê ook niks oor wie die brood en die wyn mag voorberei nie (die ampte of gewone Christene). Daarom gebruik sommige gemeentes ongesuurde brood en ander weer gewone brood. Sommige gemeentes gebruik egte wyn of wyn verdun met water en andere gewone druiwesap of 'n lokale drank. Die brood en die wyn mag sêlf geproduseer word of gekoop word. Wat belangrik is, is nie die elemente brood en wyn nie, maar waarvan hulle 'n teken is.

- (3) Hoe moet die een brood en die een beker wyn onder die aanwesige Christene verdeel word?

Jesus en die apostels sê niks hieroor nie. Daarom breek sommige gemeentes die een brood in klein stukkie en verdeel die beker wyn in klein bekertjies vóór of tydens die Nagmaal. In ander gemeentes breek elke deelnemer sy eie stukkie brood af en drink almal uit dieselfde beker wyn tydens die Nagmaal. Wat belangrik is, is nie hoeveel stukkie brood en bekertjies wyn daar is nie, maar dat die gelowiges die betekenis van die Nagmaal begryp en met die juiste ingesteldheid/houding daaraan deelneem. Hierdie juiste ingesteldheid/houding sluit elke kritiese houding teenoor ander Christene in die één Liggaam van Christus uit. Christene aanvaar mekaar in liefde!

- (4) Wie mag die Nagmaal bedien?

Ook t.o.v. hierdie saak sê Jesus en die apostels niks nie. Daarom laat sommige gemeentes elke volwasse Christen (broer of suster) toe om die Nagmaal te bedien, terwyl baie gemeentes tradisioneel die bediening van die Nagmaal beperk tot die oudstes/ouderlinge of nét die voorganger/dominee van die gemeente. Hulle glo dat die bediening van die Woord en die sakramente bymekaar hoort. Maar die bediening van die Woord en die sakramente word nêrens in die Bybel uitsluitlik beperk tot 'n bepaalde klas Christene, byvoorbeeld, tot voorgangers (pastore) of leraars nie (vergelyk Matteus 28:20; Kolossense 3:16). Nietemin, ten einde te voorkom dat daar verkeerde dinge geleer word en die sakrament misbruik word, is dit verstandig om die bediening van die Nagmaal te laat plaasvind onder die toesig van die ouderlinge.

(5) Watter kleding, houding, woorde en gebare word in die Nagmaal voorgeskryf?

Jesus en die apostels leer niks hieroor nie. Gemeentes vier die Nagmaal op verskillende maniere. Sommige gemeentes seën die brood (d.i. hulle roep die genade van God af) en ander gemeentes dank God (d.i. hulle stuur 'n dankbare erkenning vir God se genade omhoog). Sommige gemeentes bly sit, maar andere staan of kniel<sup>3</sup> as hulle aan die Nagmaal deelneem. In sommige gemeentes loop alle deelnemers na vore om die brood en wyn te ontvang.

Die meeste gemeentes lees die woorde in Matteus 26:26-29 of 1 Korintiërs 11:23-29 aan die gemeente voor en lê dan die betekenis van die Nagmaal uit. Gewoonlik word daar tyd gegee om jouself te ondersoek en sondes te bely.

Dan gebruik hulle die woorde van Jesus of Paulus by die bediening van die brood en die wyn: "Neem, eet, dit is (simboliseer) die liggaam van Christus wat vir jou gebreek is. Gebruik dit tot sy gedagtenis." "Hierdie beker is (simboliseer) die nuwe verbond in die bloed van Christus. Doen dit, so dikwels as julle dit drink, tot sy gedagtenis" (1 Korintiërs 11:24-25).

Sommige Christene eet en drink die elemente sodra hulle dit ontvang maar meestal wag Christene vir mekaar en eet en drink hulle dit tegelyk. Sommige Christene koppel die viering van die Nagmaal aan 'n gewone maaltyd.

Ten slotte dank hulle God vir sy baie seëninge in Christus Jesus met 'n gebed of 'n lied.

<b>5</b>	GEBED (8 minute) <span style="float: right;">[REAKSIES]</span> GEBED IN ANTWOORD OP GOD SE WOORD
----------	---

*Bid saam* met mekaar as antwoord op wat God gesê het. Laat elkeen in die kring om die beurt kort (in één of twee sinne) bid en teenoor God reageer op wat hy in hierdie byeenkoms van Hom geleer het.

<b>6</b>	VOORBEREIDING (2 minute) <span style="float: right;">[OPDRAGTE]</span> VIR DIE VOLGENDE BYEENKOMS
----------	--

*Deel* die voorbereiding vir die volgende keer op 'n stukkie papier uit of laat die groeplede dit neerskryf.

1. **Toewyding.** Wy jou steeds daaraan toe om dissipels te maak en die gemeente van Jesus Christus op te bou.
2. **Verkondig, onderrig of bestudeer die studie** oor "Die Nagmaal" saam met 'n persoon of 'n klein groepie mense.
3. **Persoonlike tyd met God.** Hou stiltetyd met God uit ongeveer 'n halwe hoofstuk per keer uit Efesiërs 2-5. Maak gebruik van die verkose Bybelvers of die gunstelingwaarheid metode en maak kort aantekeninge.
4. **Memoriserings.** (4) Die regte tydstep. Prediker 8:5b-6a. Repeteer elke dag die laaste vyf Bybelverse wat jy uit jou kop geleer het.
5. **Bybelstudie.** Berei die volgende Bybelstudie tuis voor. Johannes 6. Maak gebruik van die vyf stappe metode en maak kort aantekeninge.
6. **Gebed.** Bid vir iemand of iets spesifiek hierdie week en sien met verwagting uit na wat God doen (Psalm 5:4).
7. **Hou jou aantekeninge op datum.** Sluit jou aantekeninge oor stiltetyd, memorisering, jou Bybelstudie en hierdie opdrag in.

<sup>3</sup> 'n Magiese beskouing van die brood as letterlik die liggaam van Christus, waarvoor 'n mens kniel, moet afgewys word.